



'N BESONDERSE DENKWYSE

*Fakulteit Natuurwetenskappe,
Universiteit Stellenbosch,
1918-2018*



SCIENCE
NATUURWETENSKAPPE
EYOBUNZULULWAZI

1918 · 2018

“’n Universiteit is nie ’n lesingsaal, of ’n biblioteek, of ’n laboratorium nie; dit is glad nie ’n gebou of ’n plek nie; die kern daarvan is ’n ingesteldheid; die ware karakter van ’n universiteit is die ‘wil tot kennis.’”

– Professor Samuel James Shand,
The Making of a University, 1918

In 2018 vier die Fakulteit Natuurwetenskappe, een van die stigters-fakulteite aan die Universiteit Stellenbosch (US) in 1918, sy honderdjarige bestaansjaar met die bekendstelling van ’n gedenkboek: *’n Besondere Denkwysse – Fakulteit Natuurwetenskappe, Universiteit Stellenbosch, 1918–2018*. Die boek volg die spoor van die eerste akademiese departemente, asook die eerste pioniers wat die grondleggingswerk vir opleiding en navorsing in verskeie dissiplines gedoen het. Met meer as 200 foto’s en beeldmateriaal uit die US argief, die Africana-afdeling van die US biblioteek en verskeie artefakte uit departementele versamelings, insluitend wetenskaplike beeldmateriaal van voormalige en huidige navorsing, bied dit ’n lewendige en treffende blik op ’n eeu van US natuurwetenskaplikes en hul besondere denkwysse.

“Die boek is ’n huldeblyk aan almal wat bygedra het om die Fakulteit Natuurwetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch te vestig. Oor die afgelope eeu het dié fakulteit en ander sleutelinstituut daartoe bygedra om Suid-Afrika van ’n hoofsaaklik landelike gemeenskap tot ’n nywerheidsreus op die Afrikakontinent te transformeer.”

– Prof. Chris Garbers, professor van Organiese Chemie (1958-1978) en voormalige president van die WNNR (1980-1990)



BOEKSPESIFIKASIES

Rooi linne hardeband met foelie gebosseleer op voorkant en rug. Stofomslag met Franse vou en individueel in plastiek verpak. Beskikbaar in Afrikaans of Engels. Slegs ’n beperkte oplaag boeke is gedruk.

Papier: Teks gedruk op 157 gsm Gold East Matt

Formaat: 280 mm diep en 280 mm wyd

Grootte: 200 volkleurbladsye plus skutblaie

ISBN Engelse uitgawe: 978-0-7972-1731-7

ISBN Afrikaanse uitgawe: 978-0-7972-1730-0

Publikasiedatum: Oktober 2018

Prys: R780 (afslag beskikbaar op bestellings van vier en meer boeke)

“Vandag, nog meer as in die verlede, kan die belangrikheid van die natuurwetenskappe in interdisiplinêre navorsing nie genoeg beklemtoon word nie. Die samestelling en skryf van hierdie boek het ons gewys dat dit wat ons vandag doen, en hoe ons dit doen, ’n verskil sal maak aan die lewens van diegene wat na ons kom.”

– Prof. Louise Warnich,

Dekaan: Fakulteit Natuurwetenskappe, US (sedert 2014)



BESTELINLIGTING

Om jou kopie te bestel, stuur ’n e-pos na science2@sun.ac.za, waarna jy ’n faktuur sal ontvang met betalingsbesonderhede en inligting oor die afhaal of versending van die boek. Indien die boek gekoerier moet word, sal die koerierkoste by die prys van die boek gevoeg word.

